



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LEWENSORIËNTERING

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2014

Hierdie riglyne bestaan uit 7 bladsye.

INHOUDSOPGAWE**Bladsy**

1.	Inleiding	3
2.	Assessering in Graad 12	4
	2.1 Formaat van eksterne Algemene Assesseringstaak (AAT)	4
	2.2 Kognitiewe vlakke	5
3.	Inhoud en Kontekstriglyne	6
4.	Nasienriglyne	7
5.	Samevatting	7

1. INLEIDING

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Lewensoriëntering beskryf die aard en doel van die vak Lewensoriëntering. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamensriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamen in Lewensoriëntering geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA) nie.

Hierdie Eksamensriglyne moet gelees word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV): Lewensoriëntering*
- *Die Nasionale Protokol vir Assessering: 'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R–12

2. ASSESSERING IN GRAAD 12

2.1 FORMAAT VAN DIE EKSTERNE ALGEMENE ASSESSERINGSTAAK (AAT)

Die eksterne Algemene Assesseringstaak sal bestaan uit 'n twee-uur-vraestel van 80 punte. Alle onderwerpe en sub-onderwerpe in die graad 12-KABV sal geassesseer word, alhoewel die inhoud vir graad 10 en 11 as fundamentele en onderliggende kennis beskou sal word. Die eksamen sal die inhoud, kennis en vaardighede van kwartaal 1 tot 3 in graad 12 volledig dek. Meer as een tipe vraag sal geïnkorporeer word en dit sal primêr fokus op die toepassing van kennis op 'n geïntegreerde wyse. Die vraestel sal ook inhoud insluit wat betrekking het op Liggaamlike Opvoeding.

Hierdie vraestel word in drie afdelings ingedeel:

- AFDELING A en B is VERPLIGTEND.
- AFDELING A bestaan uit meervoudigekeuse-vrae en vrae wat kort antwoorde vereis.
- AFDELING B bestaan uit twee 15 punt-vrae waarop leerders direkte antwoorde moet voorsien.
- AFDELING C bestaan uit drie 15 punt-vrae waarvan leerders TWEE vrae moet beantwoord.

Die skema hieronder sal gevolg word vir die opstel van die Lewensoriëntering-vraestelle (KABV).

AFDELING A: 20 PUNTE	AFDELING B: 30 PUNTE	AFDELING C: 30 PUNTE
<ul style="list-style-type: none"> • Alle vrae is verpligtend. • 'n Bron of gevallestudie kan gebruik word om sommige van die vrae in konteks te plaas. • Die vrae moet 'n kombinasie van twee of meer tipes vrae wees wat wissel van wat, wie, noem, beskryf, verduidelik, meervoudigekeuse-vrae en waar-of-onwaar-vrae met 'n rede. • Toets begrip en feitelike kennis. • Antwoorde moet kort en direk wees en kan wissel van 'n antwoord met een woord tot 'n frase of 'n volsin(ne) (puntsgewys). 	<ul style="list-style-type: none"> • Alle vrae is verpligtend. • Kort oop-einde-, scenario-gebaseerde, brongebaseerde en gevallestudievrae. • Vrae moet kennis-gebaseerd te wees uit inligting wat die leerders uit die Lewensoriëntering-inhoud gekry het. • Leerders moet kennis en vaardighede wat verkry is, toon en toepas en ook toon dat hulle begrip het van kwessies van die werklike lewe wat die jeug en samelewing as geheel beïnvloed en advies of moontlike oplossings kan voorstel: demonstreer doelwit-stelling- en besluit-nemingsvaardighede. • Leerders moet direkte antwoorde, volsinne puntsgewys en uitgebreide antwoorde in kort paragrawe kan gee. 	<ul style="list-style-type: none"> • Drie 15 punt-vrae of vier 10 punt-vrae sal opgestel word en daar word van leerders verwag om twee of drie vrae onderskeidelik te beantwoord. • Die vrae sal hoofsaaklik op die toepassing van kennis en vaardighede fokus. • Leerders sal probleme oplos, besluite neem en advies gee, antwoorde sal wissel van 'n paar direkte antwoorde tot uitgebreide skryfwerk of beskrywende paragrawe of kort opstelle wat 'n kwessie noem, evalueer of ondersoek. • Elke vraag sal fokus op die spesifieke onderwerp of op die integrasie van die inhoud. • 'n Kort teks/diagram/data/grafiek/spotprent kan as stimulus gegee word.
<p>LET WEL: Inligting wat in die teks gegee word, moet hedendaags, byderwets, ouderdomsgepas en leerdervriendelik wees. Elke afdeling sal vrae uit die laer-, middel- en hoër-orde kognitiewe vlakke insluit.</p>		

2.2 KOGNITIEWE VLAKKE

Die voorgestelde gewigswaarde van die kognitiewe vlakke vir die vraestel is soos volg:

Gewigswaarde	Kognitiewe Vlak	Bloom se Taksonomie
30%	Laer orde	Vlak 1 & 2
40%	Middel orde	Vlak 3 & 4
30%	Hoër orde	Vlak 5 & 6
Gewigswaarde van Vrae		
<ul style="list-style-type: none"> In Bloom se taksonomie kan dieselfde aksiewoorde, bv. verduidelik, beskryf, vergelyk, afwisselend gebruik word in verskillende kognitiewe vlakke. Dit sal afhang van die samestelling van die vraag om aan te dui of dit 'n laer-, middel- of hoër-orde-vraag is. Verder moet daarop gelet word dat die graad van uitdaging nie noodwendig gebind is aan spesifieke kognitiewe vlakke nie – hulle reflekteer slegs die denkprosesse. Byvoorbeeld, alhoewel 'noem' op die laagste vlak van Bloom se taksonomie is, vind baie leerders dat die herroep van kennis moeiliker is as evaluering, wat op die hoogste vlak van Bloom se taksonomie is. Sommige leerders is in staat om kreatief te dink en materiaal makliker te sintetiseer, terwyl ander dit moeilik vind. 		

Die tabel hieronder verskaf die ses kategorieë in Bloom se taksonomie, die kognitiewe vereistes wat benodig word en die aksiewoorde wat verband hou daarmee.

Taksonomie van denkvaardighede – Vlakke van kognitiewe denke			
	Kategorie	Definisie	* Aksiewoorde
Laer orde	<i>Kennis Vlak 1</i>	Vermoë om iets te onthou wat voorheen geleer is.	Vertel; voordra; lys; memoriseer; onthou; definieer; vind; noem; pas; herroep; herhaal; noem; omskryf; herhaal; skryf.
	<i>Begrip Vlak 2</i>	Demonstreer 'n basiese begrip van konsepte en kurrikulum. Omskryf in ander woorde, onthou bepaalde inligting.	Gee voorbeelde; verduidelik; som op; vertaal; wys simbole; wysig; definieer; beskryf; bespreek; identifiseer; interpreteer.
Middel orde	<i>Toepassing Vlak 3</i>	Dra kennis wat geleer is in een situasie oor na 'n ander.	Demonstreer; gebruik; lei; lê uit; rangskik; illustreer; pas toe; vind; konstrueer; oplos.
	<i>Analise Vlak 4</i>	Verstaan hoe dele verband hou met 'n geheel. Verstaan struktuur en motief.	Ondersoek; klassifiseer; kategoriseer; vergelyk; los op; hou verband; navors; kontrasteer; onderskei; doen verslag oor; sorteer; debatteer.
Hoër orde	<i>Evaluering Vlak 5</i>	Evalueer waarde van iets met betrekking tot kriteria. Ondersteun oordeel; uitdagings vir 'n dieper betekenis.	Oordeel; evalueer; gee opinie; standpunt; prioritiseer; aanbeveel; kritiek; bespreek; vergelyk; verdedig; assesseer; bekragtig; verduidelik; kies/besluit; skat; voorspel; beoordeel; kies; ondersteun; regverdig; argumenteer; saamvat; waarom dink jy.
	<i>Sintese Vlak 6</i>	Vermoë om iets te onthou wat voorheen geleer is. Hervorming van individuele dele om 'n nuwe geheel te maak.	Ontwerp; skep; beplan; hipotese; bou; voorspel; herrangskik dele; verbeel; genereer; komponeer; verbeter; voorspel; formuleer; dink uit; ondersoek; ontwikkel.

* Sommige van die aksiewoorde is omruilbaar afhangend van die aard van die vraag.

3. INHOUD EN KONTEKSRIGLYNE

Die raamwerk hieronder word in die Kurrikulum- en Assesseringbeleidsverklaring (KABV) gegee om onderwysers te help met die voorbereiding van leerders met die kernkennis en konsepte wat nodig is vir die graad 12-Algemene Assesseringstaak.

ONDERWERPE	Kernkennis en konsepte soos voorgeskryf in die KABV. Onderrig al die inhoud onder elke onderwerp soos per kwartaal aangedui in die KABV.
Selfontwikkeling in die samelewing	<ul style="list-style-type: none"> • Lewensvaardighede wat nodig is om aan te pas by verandering as deel van deurlopende gesonde leefstylkeuses • Streshantering • Konflikoplossing • Menslike faktore wat gesondheidsrisiko's inhou • Plan van aksie vir lewenslange deelname aan 'n fisiese aktiwiteit
Sosiale en omgewings-verantwoordelikheid	<ul style="list-style-type: none"> • Omgewings en dienste wat veiligheid en 'n gesonde leefwyse bevorder • Verantwoordelikhede van verskillende regeringsvlakke • 'n Persoonlike missiestelling vir die lewe
Demokrasie en menseregte	<ul style="list-style-type: none"> • Verantwoordelike burgerskap • Die rol van die media in 'n demokratiese samelewing • Ideologieë, godsdienste en wêreldsienings met betrekking tot ontspanning en fisiese aktiwiteit oor kulture en geslagte heen
Loopbane en loopbaankeuses	<ul style="list-style-type: none"> • Verbintenis tot 'n besluit wat geneem is: vind gepaste betrekking/werk of studiegeleenthede in verskeie bronne • Redes vir en impak van werkloosheid en innoverende oplossings om werkloosheid teen te werk • Kernelemente van 'n werkskontrak • Verfyning van die portefeulje vir planne vir die lewe na skool
Studievaardighede	<ul style="list-style-type: none"> • Besin oor eie studie- en eksamenskryfvaardighede • Strategieë om te volg om sukses in graad 12 te verseker
Liggaamsopvoeding	<ul style="list-style-type: none"> • Bereiking van eie persoonlike fiksheid- en gesondheidsdoelwitte • Langtermynverbintenis aan tradisionele en/of nie-tradisionele sport of speelgrond- en/ of samelewing- en/of inheemse speletjies of aktiwiteite vir ontspanning en rekreasie • Veiligheidskwessies

LET WEL:

Handboeke: Onderwysers word aangemoedig om die DBO se aanbevole handboeke te gebruik wat voldoen aan die vereistes van die KABV vir Lewensoriëntering (2011).


Onderwysers moet poog om kontemporêre Lewensoriëntering-kwessies, koerantberigte, ens. vir die onderrig van die vak te gebruik.

4. NASIENRIGLYNE

- Die nasiener moet die vraestel versigtig deurlees en sleutelinstruksies in vrae onderstreep/omkring voordat nagesien word.
- Gebruik die memorandum as 'n nasienriglyn en gee krediet aan leerders wat goed beredeneerde en gekwalifiseerde antwoorde en standpunte, soos verwag van die vrae, voorsien.
- Wanneer punte toegeken word in AFDELING B en C, moet leerders in volsinne antwoord.
- Daarom moet en kan leerders in die 3 of 4 punt-vrae 4, 3, 2 en 'n 1 of 'n 0 verdien afhange van die vlak van antwoorde wat gegee is.
- In alle antwoorde wat die leerders gee, moet onderskeid gemaak word tussen die uitstekende, goeie, bevredigende en die swak antwoorde.
- 'n Regmerk (✓) moet geplaas word langs die feit waarvoor dit toegeken word.
- 'n Regmerk (✓) is gelyk aan een punt.
- Die puntetotaal vir onderafdelings moet aan die regterkant van die antwoordblad aangedui word.
- Die puntetotaal vir elke afdeling moet aan die linkerkant van die antwoordblad aangedui en omring word.
- Die totale punt vir elke afdeling moet oorgedra word na die einde van die leerder se skrif en bymekaargetel word, byvoorbeeld:
A 18
B 20
C 20
Totaal = 58
- Die finale punt vir die vraestel moet oorgedra word na die voorblad. Die onderwyser moet elke skrif wat hy/sy nagesien het, onderteken en dateer.

Voorbeeld van die voorblad:

Naam van leerder: John Doe



5. SAMEVATTING

Hierdie Eksamensriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.